# Drama: Kreatiewe Fantasie*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

## 1 KUNS EN KULTUUR

## 2 Graad 4

## 3 UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

## 4 Module 8

## 5 DRAMA: KREATIEWE FANTASIE

KREATIEWE FANTASIE

### 5.1 Aktiwiteit

### 5.2 Om mimiek te ondersoek [LU 4.3]

Nou gaan ons ‘n interessante aspek van drama ondersoek, naamlik toneelspel sonder woorde. Ja, dis reg, jy mag nie praat nie. Dit word “mimiek” genoem.

**Mimiek** is die tegniek om ‘n idee of stemming of karakter uit te druk deur slegs gebare en liggaamsbeweging te gebruik **sonder die gebruik van dialoog.**

Oefening 1:

- Voer drie of vier bewegings uit wat aaneen gedoen moet word sonder dat jy dit vooraf uitgewerk het.

- lig die regterhand op
- plaas die hand op jou voorkop
- steek die linkerhand in jou sak

- · Kry regverdiging vir elke beweging apart en dan sit op dieselfde tyd al die bewegings saam in een algemene regverdiging, bv.
- Maak die gehoor stil – lig jou regterhand om die gehoor se aandag te trek.
- Probeer onthou wat jy wou gesê het – sit jou hand op jou voorkop.
- Soek vir iets in jou sak – sit jou hand in jou sak.

- Op hierdie manier sal ‘n doel gevind word vir elke beweging en ‘n algemene regverdiging is dan voorsien.

*Version 1.1: Jun 11, 2009 11:20 am -0500

†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Oefening 2:

- Steek albei hande bo jou kop in die lug.
- Stel jouself voor onder watter omstandighede jy so 'n aksie sal uitvoer bv.

- om wasgoed op te hang
- om 'n boek te keer wat op julle koppe gaan val

- Ontwikkel hierdie regverdiging verder.

- Watter soort boek is dit?
- Hoe swaar is die boek?
- Wie se boek is dit?
- Hoekom was dit op die rak?
- Hoekom het dit van die rak af geval?
- Wat het vooraf gebeur?
- Wat het daarna gebeur?

- Skep in jou verbeelding 'n storie rondom hierdie tema van die oefening.
- Dit is nodig om die fantasie te lei na 'n definitiewe eindpunt – daar moet 'n doel wees.
- Alles op die verhoog moet regverdig word – elke aksie, beweging, gedagte, elke kyk moet 'n rede hê.

Oefening 3:

- Oefen 'n kort toneel in 'n spesifieke omgewing: in 'n tuin, op 'n boot op 'n rivier, in die huis, ens.
- Jy kan enige omgewing vir jou toneel kies.
- Stel 'n fisiese aksie met denkbeeldige voorwerpe voor binne jou gekose omgewing.
- Hou die volgende aspekte in gedagte:

- die grootte van die voorwerp
- die vorm van die voorwerp
- die gewig
- die tekstuur

- Kies 'n eenvoudige algemene aksie
- Laat die res van die klas jou korrigeer om sodoende die aksies presies, realisties en uitdruklik voor te stel.

Oefening 4:

- Ondersoek spesifieke emosies sonder klanke of woorde.
- Jou opvoeder sal verbale instruksies gee sodat jy die emosies op bevel kan demonstreer bv. angs, vrees, geluk, hartseer, uitbundige plesier, ens.
- Fokus op gesigsuitdrukkings sowel as liggaamsuitdrukkings.

Oefening 5:

- Neem elemente van die vorige oefeninge en stel 'n kort mimiek saam.
- Indien die klas te groot is sal jy in groepe ingedeel word.
- Voer die mimiek-toneel voor die res van die klas op.
- Laat die leerders die toneeltjie wat hulle die meeste van gehou het, kies.
- Voer die 'wen-mimiek' alleen of in hulle groepe op volgens jou eie styl.
- Wees kreatief en bou op die 'wen-mimiek' om dit uniek te maak.

## 6 Assessering

**LEERUITKOMS 4:UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE**Die leerder is in staat om te analiseer en 'n verskeidenheid vorme van kommunikasie en uitdrukking in Kuns en Kultuur te gebruik.

Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.3 die gebruik van ekspressiewe mimiek verken om idees of gevoelens oor te dra.